
NG Gemeente Potchefstroom -Grimbeekpark 1973 - 1998

Samesteller:
Elize S. Van Eeden



NG Gemeente Potchefstroom -Grimbeekpark 1973 - 1998

Samesteller:
Elize S. Van Eeden



Melani, kan die kruis (soos op voorblad nie ligweg (as agtergrond) vir hierdie bladsy gebruik word nie? of dalk die duif?

Font kan effe kleiner, dan sal sommige goed kan nie. Dalk net ikon voetaf?

INHOUD

BEKNOPTE GEMEENTEKRONIEK

VAN NUWE DORPSUITBREIDING TOT 'N NUWE GEMEENTE

~~DIE EERSTE LIDMATE NA AFSTIGTING~~

~~DIE~~ GEMEENTEGRENSE

DIE LAMPRECHTS, 1974-1978

DIE DU PLESSIS-LEERAARSPAAR

~~AFRONDINGSKAMP~~

Die BARTLETT-PERIODE, 1993-1998

SIMBOLIEK IN DIE GEMEENTE

~~DIE CILLIERS-GESIN~~

GEMEENTE- & JEUGAKTIWITEITE AFGELOPE 25 JAAR

Die GEMEENTELIED

~~TIPIESE WINTERFEESTONELE~~

~~SKEPPERS VAN DIE MONTAGE~~

AMPSDRAERS & KOMMISSIES OOR 25 JAAR

~~LINDEQUE-EGPAAR~~

~~'N TERUGBLIK IN TYD~~

BROKKIES UIT DIE GEMEENTE-ARGIEF

~~VAN DIE GEMEENTESKENKINGS~~

~~GEMEENTEFEESPROGRAM~~

~~COLLAGE VAN FEESGELEENTHEID~~

Samestoller: Elize S. van Eeden (Departement Geskiedenis, PU vir CHO) Oktober 2000

→ Alles in bold Melani, soos deur dr. Snyman versoek

BEKNOPTE GEMEENTEKRONIEK

1973 -**Vergadering ter afstigting** van die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark op Vrydag 15 Junie 1973 om 19:00.

-**Eerste Kerkraadsvergadering** gehou op Woensdag 20 Junie 1973 in die Kerksaal van die NG-gemeente Vyfhoek te Potchefstroom.

-**Eerste volwaardige erediens** gehou op 22 Julie 1973 in die skoolsaal van Laerskool Baillliepark. Die diens is gelei deur dr. T.C. de Villiers, emiritusleraar en tydelike pastorale hulp.

-**Eerste predikant** wat op 23 Julie 1973 na die gemeente beroep is, maar nie aanvaar het nie, is ds. J.G. Moolman.

-**Eerste volwaardige Kategese** (Sondagskool) is op 5 Augustus 1973 gehou in 'n klaskamer van die Laerskool Baillliepark.

-**Eerste predikant** wat einde 1973 'n beroep na die NG-gemeente Grimbeekpark aanvaar het, is ds. J.C. Lamprecht van Derby. Op 12 Januarie 1974 het hy sy intreepreek gelewer.

1974 -**Die eerste gemeentenuusbrief** is in November 1974 uitgegee.

1978 -**Die Kerkgebou** is op 11 en 12 Februarie 1978 ingewy.

1979 -**Met ds. Lamprecht se vertrek**, aanvaar ds. D.J.F. du Plessis van die NG-gemeente Aasvoëlkop, Johannesburg op 4 Augustus 1979 die leraarspos.

1982 -**Ds.(later dr.) R.C. en mev. Lindeque** sluit in 1982 aan by die gemeente - aanvanklik bloot as lidmate.

1983 -**Die Kerksaal** is op 16 September 1983 ingewy.

1987 -**Die intrek van die du Plessis-gesin** in die nuwe pastorie, oos van die kerkgebou, op 27 Januarie 1987.

1993 -**Met ds. du Plessis se vertrek na Switserland** verwelkom die gemeente op 16 Januarie 1993 ds.(later dr.) A.L. Bartlett en gesin van Monumentpark, Pretoria.

1998 -**Dr. Bartlett vertrek** in Setember 1998 na die Gemeente Aasvoëlkop in Johannesburg. Ds. A.P. Cilliers van die N.G.-gemeente Stella aanvaar op 29 November 1998 die beroep na die gemeente.

> Bold

VAN 'N NUWE DORPSUITBREIDING TOT 'N NUWE GEMEENTE

Dit was die here P.J. Joubert en C.F. Elsenbroek, eienaars van Vergenoeg Boerdery Belange Edms. Bpk. en ontwikkelaars van die nuwe Potchefstroomse dorpsuitbreiding Grimbeekpark, wat die grond waarop die kerkgebou tans staan in 1973 kosteloos beskikbaar gestel het vir die bou van 'n kerk. Grimbeekpark is vernoem na die welbekende Etzart Grimbeek-familie. Die Grimbeek-familiehuis staan vandag nog suid-oos van die Grimbeekpark woonbuurt. Die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark se naam het spontaan met die naam van die nuwe woonbuurt geassosieer.

Om van 'n gemeente af te stig waarin jy jare lank hart en siel gegee het, is nie maklik nie. Vir sommige was dit moeilik om hul toekomstige 0856ha (1 morg) kerkgrond so tussen bome, 'n verdwaalde huis of twee en die mielielande deur in die gees te roep. Nóg moeiliker is dit as dit beteken dat jy, figuurlikgesproke, saam met 'n handjievol 'n nuwe sak sout sal moet opeet, die droogtes en sonsteke van 'n woestynuitkyk sal moet trotseer en dan lig te sien. Daarmee ook die Lig se groei en uitbreiding van Sy Koninkryk op aarde. Lidmate van die klein NG-gemeente Vyfhoek, op die plaas met dieselfde naam en oos van die huidige Grimbeekpark, is ook deur die afstigting van NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark geraak. Hulle het sowat 250 lidmate deur dié afstigting moes afstaan.

Afstigting het nie vir die nuwe lidmate van NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark die gebruiklike patroon na dorpsvestiging en ontwikkeling gevolg nie. Gewoonlik moes 'n bestaande gemeente eers uit sy nate bars voordat afstigting en 'n nuwe kerkgebou oorweeg is. In Grimbeekpark se geval was dit die verrassende grondskenking wat as motivering gedien het.

Toe op afstigting besluit is tydens 'n Kerkraadsvergadering van die Gemeente Vyfhoek, is drie stemme teen die afstigting uitgebring. Die teenstemme het verkies dat die gebruiklike patroon eers gevolg word voordat afstigting oorweeg kon word. Om af te stig as die jong NG-gemeente Vyfhoek nog nie eers 'n kerkgebou kon oprig nie het net te vreemd opgeval. Die meerderheid se opinie was dat dit beter is om uit die staanspoor met die nuwe gemeente te begin, siende dat die woonuitbreiding Grimbeekpark toe pas begin ontwikkel het.

'n Formele afstigting is vir 15 Junie 1973 beplan. Ds. J.G. Lindeque ('n broer van dr. Roelf Lindeque, 'n latere predikant in die gemeente) van Potchefstroom-Wes NG-gemeente sou die afstigtingsvergadering lei. Hy daag nie op nie. Dr. P.J. Jordaan staan op kort kennisgewing sy plek vol. 'n Paar verse is uit Fillipense voorgelees. Vandag kan maar net gewonder word watter verse dit was - dalk die eenheidsgedagte?..., dalk Christene se vernaamste doel op aarde, naamlik draers van die Lig te wees?... of dalk die ontvang van nuwelinge binne die Evangeliebediening met liefde?... Hoe dit ookal sy, die nuutgegroepeerde handjievol ligdraers wat die afstigtingsvergadering bygewoon het, was daar om mee te doen. Gepas is Psalm 146 gesing, "Prys die Heer met blye galme...". Nie alleen omdat die lied al so 'n jarelange lofwaardige bekentenis is van die mens se afhanklikheid van God nie. Ook omdat die afstigtingslidmate waarskynlik die nodige inspirasie uit die lied gekry het, wat so helder en duidelik weerklink het, al was hulle min.

Konsulent W.C. Oosthuizen het die eerste Kerkraadsvergadering gelei. Die meeste kerkaktiwiteite het feitlik onmiddellik 'n aanvang geneem. Vyfhoek se kerksaal is van tyd tot tyd nog gebruik vir kerkraadsvergaderings en eredienste. Mettertyd is die skoolsaal van Laerskool Bailliepark Sondagoggende vir eredienste gebruik. Sondagaande het Vyfhoek en dié nuwe gemeente gesamentlike eredienste gehou. 'n Klaskamer naby die skoolsaal is vir Kategese gebruik. Met gemeente-afstigting, is die grense daarvan vasgestel. Benewens die woonuitbreiding Grimbeekpark is 'n gedeelte, sogenaamd bekend as nuwe Bailliepark, ook by die Gemeentegrense ingesluit.

STIGTERSLIDMATE SOOS OP 15 JUNIE 1973 MET AFSTIGTING OORGEKOM VANAF VYFHOEKGEMEENTE EN WAT TEEN AUGUSTUS 1998 NOG LIDMATE WAS.

Chris en Bettie Burger (Christiaan as dooplidmaat)
Rinie Dippenaar
Augusta Fleck (Jeanne as dooplidmaat)
Arrie en Nellie Havenaar
Ben en Hannatjie Herselman (Liezel as dooplidmaat)
Dries en Didi Huysamen (Bertus en Jaco as dooplidmate)
Johan en Elmarie Janse van Rensburg
Peet Janse van Rensburg (Kitty se seun)
Kitty Janse van Rensburg (teen 1998 die oudste lidmaat)
Natie (jr.) Klopper (as dooplidmaat)
Esmarie Lausberg (as dooplidmaat)
Louw en Mientjie le Roux (onderbroke)
Gerrie en Laetitia Oosthuizen
Awie en Monica Otte (onderbroke met Aquilla en Ferdi as dooplidmate)
Lina Pollard
Neels en Elsie Pretorius
Duifie Stander (tans du Preez) → Sou effe kleiner. Is nie dieselfde as die ander in hakies
Jannie van Graan
Chris en Cassie van Wyk (Christoff en Pieter as dooplidmate)
Piet en Maria Van Zyl

DIE EERSTE LIDMATE NA AFSTIGTING

H.W. Alberts; M.G. Alberts; E.C. Archer; H. Aucamp; J.C. Aucamp; M.H. Aucamp; J.C.W. Badenhorst; H.E. Barnard; P.J. Beetge; J.C.P. Bekker; P.C.F. Beukes; M.J. Bolger; K.R. Boonzaaier; J.F. Booyens (Sr.); P.B. Bosch; J.N.F. Bosman; A.M. Botha; C.W. Bouwer; L. Brandt; A.J. Bredenkamp; E.M.M. Britz; S.M. Britz; E. Bruwer; B.D. Burger; C.J. Burger; A.M.C. Celliers; D. Chipps; E.L. Claassen; S.S. Cloete; A.C. Coetzee; C.E.S. Coetzee; C.J.S. Coetzee; M.E. Coetzee; S.J. Coetzee; I.K. Coetzer; G.J.R. Conradie; E. Cronjé; J.Cronjé; P.J. Cronjé; J.A. de Beer; G. de Bruin; M.A. Delport; A.de Wet Deetlefs; M.J. de Jager; A. de Jager; J.W. de Jager; K.N. de Kock; A. Del Frate; C.E. Delport; J.G Delport (Sr.); J.G. Delport (Jr.); J.G. Delport (Jr. se seun); M.J.J. Delport; C.E. de Waal; M.J.C. de Wet; M.I. de Villiers; H.J.A. Dicks; F.J. Dippenaar; L. du Pisanie; F.M. du Plessis; H.J. du Preez; A.S. du Toit; D.J. du Toit; J.J. Engelbrecht; C. Erasmus; H.E. Esterhuizen; J.E. Esterhuizen; S.J. Etsebeth; B.A. Ferreira; M.R. Ferreira; S.J. Ferreira; J.C. Fleck; C.J. Fouché; A.E.P. Fourie; R.B. Fourie; C.M. Geel; M.E. Gericke; A.P. Gibson; E. Gildenhuys; S.J. Gouws; M.P. van Rensburg Groenewald; V. Grunow; W.B.S. Hagan; A.H.Hartley; A.T. Havenaar; B. Herselman; J.H. Holtzhausen; R.R.C.Home; E.M. Hough; A.H.J. Huisamen; C.D. Jacobs (Sr.); J.J. Jacobs (Jr.); P.H.J. Janse van Rensburg; D.S. Janse van Vuuren; P.C. Jansen van Rensburg; W.D. Jansen van Vuuren; P.D. Johnston; A.J. Joubert; A.M.E. Joubert; A. Joubert; F.T. Joubert; J. Joubert; M.M. Kellerman; C.F.G. Kirsten; M.M. Kirsten; J.D.W. Klopper; W.A. Klopper; H.A. Kotzé; J.C. Kotzé; M.S. Kotzé; A.M. Kruger; P.J. van der Bijl Lambrechts; P.D. Gerhardus Lausberg; L.B. Lemmer; J.L. le Roux; J. Lombard; D.S. Loubser; J.G. Loubser; S.J. Loubser; M.J. Lourens; C.J.G. Louwrens; D.P.P. Marais; L. Marais; F.L. Massyn; W.E. Meyer; A.P. Miennie; M.P. Miennie; S. Miennie; E.M. Mieny; B.J.C. Möller; N. Moolman; J.E. Moolman; C.G.M. Myburgh; J.V. Myburgh; P.C. Myburgh; H.L. Naudé; S.A. Naudé; D.M. Nel; H.J.W.H. Nel; M.A. Nel; J.M.M. Niehaus; H.M. Nolte; F.H. Odendaal; J.J. Odendaal; T.J. Olivier; E.W. Oosthuizen; G.J. Oosthuizen; W.E. Oosthuizen; A.J. Otte; M. Otte; E.M. Palm; H.J.R.B. Park; L.C.M. Pelser; C. Pienaar; P.J.J. Pienaar; C.J. Pollard; W.G. Potgieter; H.N. Pretorius; H.E. Pretorius; P.S. Pretorius (Sr.); P.S. Pretorius (Jr.); A.E. Prinsloo; Y. Rautenbach; J.L. Rheeder; P.D. Richards; J.L. Roestorf; H.M. Roets; C.J. Roos; S.J. Rootman (Sr.); S.J. Rootman (Jr.); D.J.C. Rosenstrauch; W.S. Rossouw; G.D. Rosseau; C.R. Scheepers; J.J. Scheepers; L. Scheepers; N.G. Scheepers; N.G.C. Scheepers; A.E.S.M. Schoeman; D. Schoeman; T.H. Scholtz; E.M. Schoombee; H.J. Schwim; M. Senekal; B.S. Serman; H.M. Seyffert; G.P.J.J. Slabbert; A.S. Smit; D.B. Smit; H.W. Smit; M.J. Smit; E. Snyman; W.M. Snyman; J.W. Sonnekus; S.J. Stander; J.J. Stapelberg; J. Steyl (Sr.); J. Steyl (Jr.); J. Steyn; H.C. Steynberg; J.W. Stoltz; E. Strydom; E.J.M. Swanepoel; E. Swanepoel; H. Swanevelder; P.B. Swanevelder (Sr.); P.B. Swanevelder (Jr.); J.M. Terblanche; G.S. Uys; J.L. van den Heever; E.A. van der Merwe; B.E. van der Walt; D.J.E. van der Walt; N. van der Walt; S.J. van der Walt; C.P. van der Westhuizen; S.S. van der Westhuizen; U van der Westhuizen; W.C. van der Westhuizen; H.P. van Graan; J.C. van Graan; J.S. van Heerden; D. van Heerden; I.E.P. van Heerden; P.M. van Heerden; P.W. van Heerden; A.E. van Rensburg; A.M. van Rooyen; G.J. Erasmus; J.D. van Schalkwyk; A.M. van Wyk; C.J. van Wyk; J.P. van Wyk; E. van Wyngaardt; H.E. van Zyl; J.F. van Zyl; P.J. van Zyl; W.A.L. van Zyl; W.J. van Zyl; C.S. Venter; I.J. Venter; H.M. Viljoen; F.C.H. Visser; J.J.M. Vogel; J.E.W. Volschenk; R.C. Vorster; E.S.C.M. Vosloo; J.Wessels; I.C. Zarecky

* **Die meeste vroue is op hul nooiensvanne vermeld**

2. KAART VAN LUGFOTO

Vanaf Mooirivier met die bestaande grens tussen Potchefstroom-Oos en Vyfhoek-gemeentes met 'n denkbeeldige lyn tot in Paveystraat langs tot in Ottostraat; hiervandaan na Piet Cronjéstraat en verder tot in Neethlingstraat; met Neethlingstraat langs tot in Rocherstraat en verder af tot in Strydomstraat en af tot in Republiekstraat; met die verlengde lyn van Republiekstraat met 'n denkbeeldige lyn tot in Paryslaan; met Paryslaan tot in Loopspruit; met Loopspruit langs tot waar dit aansluit met die Mooirivier; en op langs die Mooirivier tot by die beginpunt van die grenslyn uit die Mooirvier na Paveystraat.

Binne die eerste drie maande was 15 wyke met hulle gekose diakens en ouderlinge op dreef. Die beroeping van 'n eerste voltydse leraar het egter met rukke geskied. Die reeds bejaarde dr. T.C. de Viliers was bereid om tydelike pastorale hulp te verleen, maar het nie sy weg oopgesien om op tagtigjarige ouderdom aktief betrokkke te raak in pionierswerk nie.

Na drie mislukte beroepe deur die Kerkraad het ds. J.C Lamprecht van Derby die beroep na NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark aanvaar. Op Saterdag 12 Januarie 1974 is ds. Lamprecht bevestig en sy gesin, sy vrou en elf kinders - amptelik deur die nuwe jong Gemeente verwelkom.

DIE LAMPRECHTS GAAN VOOR, 1974-1978



Annatjie, De Villiers, Ninkie, Johan, Gideon, Ilze, Gerrit, Adriaan (Attie), de Wet, Ianthy, Christa, Dominee en Mevrou.

Om van 'n gevestigde gemeente na byna niks of aansienlik minder te kom, verg opoffering. Die Lig wat ds. Lamprecht hierin ontvang het, is destemeer vermeldingswaardig. Hy was bereid om vir vier jaar voor te gaan - te help bou en pionier te wees. Komende uit 'n gesin met hegte bande in die atletiekwêreld, het hy byvoorbeeld gereeld gesorg dat die Gemeente die geleentheid kry om spyseniering tydens groot atletiekgeleenthede op Olënpark te onderneem. Alles was deel van gemeentebou met die oog op kerkgebou-oprigting. Lidmate was sekerlik eens in hulle ideaal om 'n eie aanbiddingsplek, as die onsekerheid van 'n tydelike plek van aanbidding en die probleme daarmee saam.

Tussen 1974 en 1978 het die gemeentewyke uitgebrei tot 25, en daarmee saam ook die getal diakens en ouderlinge. Ouderling Johannes van Schalkwyk het vanaf 1974 op 'n energieke wyse die voorsitterstoel van die Boukommissie gevul. Kerkgebou-oprigting is by tye ernstig bedink, beplan en beproef. Prioriteite wat gestel is, is 'n kerkgebou wat 500 lidmate kan huisves en wat fasiliteite het vir kategese-onderrig sowel as vir ander samekomsgeleenthede. 'n Bedrag van sowat R40 000 is aanvanklik genoem wat waarskynlik vir die beplanningsfase nodig was.

Onderwyl die gemeente erns verleen het aan sy Boufondsprojek, het argitekte Conradie, Thiel en Van Rooyen die ontwerp behartig. Bekendes vandag in die musiekwêreld en eertyds lidmate van die Gemeente, Johan van Rensburg en Rina Hugo, het met die opvoering van 'n musiekkonsert of twee self 'n besondere bydrae tot die boufonds gemaak.

Ure van beplanning is deur die Boukommissie ingesit om te verseker dat 'n geskikte struktuur uitgelê word. Idees is ook by kerke in Pretoria en Johannesburg met die oog "gekopieer". Dit was verder hierdie Kommissie se taak om in November 1973 die Kerkraad mee te deel dat 'n Kerkgebou en 'n saal 'n aardige R284 000 sou kos. Na baie gekoukus tussen die pessimiste, die sorgsames en die gedetermineerdes binne Kerkraadsgeledere, is besluit om wel die bouprojek voort te sit.

Nadat die geskenkte grond in Augustus 1976 amptelik geproklameer is, kon in alle erns met die oprigting van die kerkgebou begin word. W.P. Huysamen-Bouers het die bouwerk onderneem. Die onkostes van 'n paar van die uitgawes was:

Kerkbanke: R14 592
Kerkklok: R2000 (is mettertyd vervang met 'n nuwe)
Luike van kombuis:R23 000
Portaal van kerk: R14 000-R17 000
Orrel: R34 000

So tussen die kerkbouprogram deur het ds. Lamprecht gereeld huisbesoek gedoen. Hy was bekend vir sy erns daarmee. Veral sy spoedeisende verwelkoming van nuwe intrekkers word nog goed onthou. Die pastorie waarin hy en sy gesin gewoon het, was in Cameliastraat 6.

'n Groot vreugde, en waarskynlik 'n verligting, vir die Gemeente was die dag toe die Kerkgebou ingewy is. So tussen die nattigheid na 'n stewige reënbui is die gebou op Saterdag 11 Februarie 1978 plegtig in gebruik gestel. Susters moes maar spook om die portaalvloer en plaveisel voor die ingange vir die geleentheid so op 'n manier skoon te hou. Gras was toe nog nie gelê nie. Gelukkig het die bui reën, en die modderige gevolge, daartoe meegehelp dat die Kerkraad in die eersvolgende vergadering nie te veel gekibbel het oor die noodsaaklikheid van swaardiensmatte voor die ingange nie. 'n Weidingsdiens het op 12 Februarie 1978 gevolg.

ILLUSTRASIE VAN PROGRAM

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE

Potchefstroom-Grimbeekpark

U word vriendelik uitgenooi na die

Inwyding

van die

Kerkgebou




op

11 en 12 Februarie 1978

„. . . sodat God alles in almal kan wees"
(1 Kor. 15 : 28)

BOUKOMMISSIE:
J.J.D. Havenga, C.D. Jacobs, J.D. Van Schalkwyk,
Ds. J.C. Lamprecht, R.B. Fourie




OORHANDIGING VAN SLEUTEL:
Argitek: Mnr. N. Conradie
Mev. Lamprecht



ONTWERPER & BORDUURDER
VAN KANSELKLEDE:
Mev. Krog Scheepers



OOPSLUIT VAN KERKGEBOU:
Mev. Lamprecht



Vir orrelis Johann van Staden en die gemeentekoor was die kerkgebou-inwyding ook baie spesiaal. Vir weke voor die tyd is geoefen, terwyl hy en die koor ook letterlik kon aanskou hoe daar "geboorte" aan die installering van 'n kerkorrel gegee is. Die orrel is in hiérdie tyd deur die Suid-Afrikaanse Orrelbouers en Jan Pekelharing (sr.) ingebou en geïntoneer. Prof. Chris Swanepoel, departementshoof van Musiek aan die UOVS, was die orreladviseur. Hy was ook die gaskunstenaar tydens die inwyding.

So saam met die vreugde van 'n eie plek van aanbidding, was dit tyd om te groet. Ds. Lamprecht het sy pionierstaak beskou as afgehandel. Met sy verhuising na die NG-gemeente Hertzogville in Desember 1978, is opnuut besin wie beroep moes word. Vyf beroepe is sonder sukses deur die Kerkraad uitgebring. Dit was ds. D.J F. du Plessis van Aasvoëlkop in Johannesburg wat die Lig ontvang het om die tweede myl van die NG-Gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark met hulle saam te stap.

DIE DU PLESSIS-LERAARSPAAR

VESTIG 'N SENDINGSBESEF 1979-1992



PROGRAM

BEVESTIGING: SAT. 4 Augustus 15h00 Rede: Ds. S.G. Rossouw
GESELLIGHEID: SAT. 4 Augustus 19h00 Vyfhoek Kerksaal
Gasheer en Gasvrou: Oud. en mev. C.D. Jacobs
Seremoniemeester: Ds. S.G. Rossouw

1. Verwelkoming – Seremoniemeester
2. Welkomwoord namens Ring – Ds. G.F.J. van Renaburg
3. Welkomwoord namens Susters – Mev. E. van der Merwe
4. Musiekitem – Potchefstroomse Kleinkoor
5. Woord namens Kerkraad en Gemeente – Oud. A.B. Rheeder
6. Afskeidswoord van Aasvoëlkopgemeente – Oud. van Aasvoëlkop
7. Bedankings – Oud. C.D. Jacobs
8. Ds. en mev. du Plessis antwoord
9. Vervaardiging

INTREEPREEK: SONDAG 5 Augustus 10h00

Ds. (later mnr.) D.J.F. du Plessis is op 4 Augustus 1979 as voltydse leraar in die Gemeente bevestig. Teen 1998 nog was hy ook die langsdiende leraar van die NG-gemeente Grimbeekpark. Hy en sy vrou Petro het energieke insette gelewer, waarvan die "resultate" kwalik mis te kyk is.

Met 'n praggebou, waarvan die toring trots 'n verbintenis met die lydenskruis simboliseer, het ds. du Plessis en die Kerkraad gedurende sy termyn meer aandag gegee aan effektiewe funksionering en uitreiking. Evangelisasie, sending en barmhartigheidsdiens het dus besondere klem van die Du Plessis-leraarspaar ontvang. Insiggewend van ds. du Plessis se evangelisasie-uitreiking, was die geestelike gesprekke wat hy met Kerkraadslede gehad het alvorens met vergaderings begin is. Dit het 'n vaste instelling geword wat mettertyd ook deur 'n ouderling of diaken behartig is.



AFRONDINGSKAMP

Verder was die sprankel wat daar in die vroue- en jeugaktiwiteite gekom het, inderdaad ook 'n welkome bydrae tot die tweede myl van die Gemeente. Mevrou Petro du Plessis se onbaatsugtige entoesiastiese insette was een van die vernaamste redes vir die groei hiérvan. Op sy beurt het ds. du Plessis besonder baie in die jeug belang gestel. Daarvan getuig die staptogte wat hy met die Senior Kerkjeugaksie meegemaak het, en selfs leiding geneem het, as jeugouderling Ben Herselman nie kon nie. Met finalejaarkatkisante het ds. du Plessis groot erns gemaak. Voor belydenisaflegging het hy gewoonlik 'n finalejaarafrondingskamp aangebied. Hiertydens is individuele diepgaande gesprekke met katkisante gevoer.

Ds. Danie du Plessis het voorts nog 'n omvattende handleiding van pligte vir kerkraadslede opgestel sodat daar nie onsekerheid onder diakens en ouderlinge bestaan oor wat hulle funksie is nie. Dit het as voorloper gedien vir die opstel van pligstate vir die ander amptenare in die Gemeente. Waarskynlik 'n besonderse hoogtepunt vir baie lidmate, was dominee Du Plessis se aanbieding van die "Ontdek jou gawes"-kursus in 1987. Mnr. Ben Herselman onthou:

Dit [die kursus] is bygewoon nie net deur 'n hele aantal gemeentelede nie , maar ook deur lede van ander gemeentes. In hierdie kursus is klem gelê op:

1. *'n Besinning oor wat die Bybel ons leer i.v.m. genadegawes.*
2. *Identifisering van genadegawes.*
3. *'n Waardering vir medelidmate.*
4. *Die gebruik van vermoëns in 'n nuwe lig gesien.*

Voortvloeiend uit hierdie kursus het verskillende groepe ontstaan wat tot 1998 nog steeds in die gemeente gefunksioneer het. Hieronder tel die Bemoedigingsgroep en die Voorbiddingsgroep. Ds. Danie du Plessis het met die normaalklas vir Bybelstudieleiers begin wat voortgesit is deur sy opvolger dr. Bartlett. Onder die studie van spesifieke gawes (Gasvryheid) funksioneer die "Nuwe Intrekkers" o.l.v. Didi Huisamen en "verwelkoming" soggens voor kerk, deur Ben Herselman, ononderbroke vanaf 1987...

Waar sommige 1987 as 'n hoogtepunt in die gemeentebouprogram beskou, is daar egter ook diegene wat dit as jaar ag waarin kerkwees in Suid-Afrika, en ook in die Gemeente, geknou is. NG-Sinode-publikasies soos "Ras, Volk en Nasie " en "Kerk en Samelewing", gevolg deur die Voortsettingskomitee se "Geloof en Protes" en "Super-apartheid in die kerk" (lg. deur ds. A. König) is van die vernaamste publikasies wat lidmate van die NG-Kerk verdeel het. In wese is die NG-Kerk se standpunt rakende (politieke) apartheid gedebatteer. Beswaarde NG-Kerk lidmate van oral oor het daarop die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gestig. Etlike beswaarde lidmate van ons Gemeente was besonder prominent in Potchefstroom se reaksie op die "Kerk en Samelewing"-geskrif, gevolg deur hulle leierskap in die stigting van die APK. Hieronder tel mnr. Krause Botha en adv. Fanie Jacobs. NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark het lidmate verloor wat na die nuutgestigte APK oorgestap het. Mettertyd het die twiste bedaar, en sommige oud-lidmate het selfs teruggekeer. Vir die predikante van alle gemeentes was 1987 beslis 'n besonder gespanne jaar.

Wat barmhartigheidsdiens betref, was daar nie net die gebruiklike identifisering van materiële hulpbehoewendheid nie. Na die geestelike en emosionele behoeftes van nuwe intrekkers en senior lidmate is ook omgesien. In 1982 kom die Seniorgroep tot stand, wat tans nog aktief staan. Die kwartaallikse bymekaarkomgeleentheid vir nuwe lidmate het ook, met die hulp van 'n groepie vrouelidmate, 'n vaste afspraak op die Gemeente-almanak geword.

Ander uitstaande gebeure gedurende die du Plessis leraarspaar se bediening, is die bou van 'n kerksaal en die aankoop van 'n erf, direk oos geleë van die Kerkgebou, waarop die huidige pastorie later gebou is.

Die bou van die kerksaal teen 'n bedrag van R227 800 is kort na ds. Lamprecht se vertrek, aangepak. Conradie en Müller was die argitekte en Adrina Konstruksie die bouers. Met mnr. A.J. Otte in die voorsitterstoel van die Boukommissie is moeite gedoen om te verseker dat die saal verbruikersvriendelik vir die jeug is. Benewens die geskiktheid daarvan vir Kategese is 'n uitgemerkte pluimbalbaan en ses TV-punte geïnstalleer. Sedert die inwyding van die saal op 16 September 1983 is dit aan etlike instansies teen 'n nominale bedrag verhuur. Van modeparades tot trimklasse, kursusse, en kooroefeninge is al op saalgrond onderneem.

Om die nuwe pastorie te bou, is Cameliastr. 6 verkoop en het die du Plesssis tydelik in 'n huurhuis te Van Alphenstr. 20 ingetrek. Lede van die vroueaksie is ook op die Boukommissie benoem om advies te gee waar nodig. Die nuwe pastorie in Mooistraat is in 1987 amptelik in gebruik geneem.

Vanweë 'n toename in die lidmaattalle, het die Kerkraad by verskeie geleenthede die beroeping van 'n tweede leraar bespreek. Volgens die 1987/88-sensusopname was daar 462 belydende lidmate, 266 dooplidmate en 8 ongedooptes. 'n Behoorlike bediening deur een leraar is bykans as 'onmoontlikheid' beskou. Die finansiële situasie van die Gemeente het egter nie die aanstelling van nog 'n permanente leraar toegelaat nie. Gevolglik is grotendeels gesteun op aflospredikante of polisiekapelane met 'n "deeltydse" gemeente-aanstelling.

Gedurende die tagtiger- vroeg-negentigerjare het etlike predikante die Gemeente op 'n aflosbasis bedien in tye wat ds. du Plessis met kapelaansdiens besig was of met studies of by ander kerklike aangeleenthede doenig was. Hieronder tel di. R.C. Lindeque, P. van Rensburg, E.C. Kriel en S.J. Schoeman.

Ondertussen het ds. du Plessis 'n aanbod in 1990 ontvang om as direkteur van Child Evangelism Fellowship (C.E.F.) in Switserland te gaan werk. Gemeentelede was trots dat hierdie aanbod aan hul leraar gemaak is. Vanweë die finansiële implikasies wat dit vir hom ingehou het, d.w.s 'n verpligte finansiële ondersteuning deur 'n gemeente in Suid-Afrika as voorvereiste, het hy die aanbod vir eers van die hand gewys. In 1992 is die aanbod weer aan hom en sy vrou Petro gemaak. Die voorvereiste was steeds van krag. Die Kerkraad het die moeilike taak gehad om te besluit of die Gemeente 'n leraarspaar in die buiteland finansieel kan dra sowel as om nog 'n voltydse leraar ter plaatse te kan bekostig. Op die duur is besluit dat die Gemeente nie oor die nodige fondse beskik om ds. du Plessis te ondersteun nie. Die NG-gemeente Ontdekkers, naby Johannesburg, het hierdie taak onderneem, onderwyl van die Grimbeekpark-lidmate 'n gebedsgroep vir spesifiek die Du Plessis se evangeliediens in Switserland begin het, en van tyd tot tyd ook hierdie geliefde leraarspaar finansieel probeer ondersteun het.

Die jaar 1992 was dan sekerlik die moeilikste nóg wat die Gemeente tot dusver in sy geskiedenis beleef het - benewens kleiner geskille, irritasies en krisisse wat van tyd tot tyd maar deel is van gemeentewees. Byna gelyktydig met die emeritering van ds. du Plessis kondig polisie-kapelaan ds. S.J. Schoeman sy demissie aan. Hy is bevorder, en moes na Bloemfontein verhuis. Kol. E.L. (Ernst) Rischmüller het as nuwe kapelaan en hulpleraar 'n tyd lank die Gemeente met sy teenwoordigheid en bearbeiding gedra.

Sedert die Gemeente se beroeping van ds. du Plessis het die tradisionle prosedure van die beroeping van 'n predikant 'n gedaanteverwisseling ondergaan. In die plek van die beroeping van 'n leraar deur die Kerkraad is vir 'n leraar geadverteer en aansoekers vir onderhoude gekeur. Daarop is ds. (later dr.) André Bartlett van Monumentpark op 16 Januarie 1993 as nuwe leraar van die Gemeente verwelkom. Daarmee is weer vastigheid aan Gemeente-bedrywighede gegee voor ds. Rischmüller se emeritering in 1994 op grond van mediese redes.

ONTVANGS EN BEVESTIGING

van

Ds. en mev. A.L. Bartlett

16 en 17 Januarie 1993



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE

POTCHEFSTROOM-GRIMBEEKPARK

DIE BARTLETT-GESIN

Andries Ludik Bartlett is gebore op 21 Maart 1958. Hy matrikuleer in 1975 aan die Hoërskool C.R. Swart, Pretoria. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die volgende grade: B.A. (met lof), B.A. Hons (Semitiese Tale) (met lof) en B.D. (met lof). In 1984 lê hy ook die Drs. D-eksamen af (met lof).

Vanaf 1981 tot 1983 was hy dosent in Semitiese Tale aan U.P. en na sy 2-jaar diensplig, sedert 1987, predikant van Monumentpark-gemeente, Pretoria.

Elma Bartlett (gebore Van Rooyen) kwalifiseer as Maatskaplike Werker en behaal ook haar M.A. (M.W.) (met lof) aan U.P. Sy was daarna drie jaar werksaam by RAU se Instituut vir Kinder- en Volwassene-leiding en ook twee jaar as Ouerleidingadviseur by die S.A.V.F. in Pretoria.

Die egpaar is in 1984 getroud en uit die huwelik is drie dogters gebore: Rentia, Jolinda en Elretha.

GEMEENTEBETROKKENHEID EN SIMBOLIEK IN DIE BARTLETT-PERIODE, 1993-1998

Dit was dr. André Bartlett wat die NG-gemeente Grimbeekpark deur sy mondigwordingsperiode, op die pad na 'n kwarteeu van bestaan, gelei het. Alles wat sigbaar in plek moet wees, was daar - 'n kerkgebou, 'n kerksaal, 'n pastorie en genoeg toerusting en voldoende fasiliteite vir sosiale funksies. Danksy die insette van die du Plessis leraarspaar, het die Gemeente en die jeug betrokke geraak by etlike geleenthede waarin uitreiking, evangelisasie en diens van barmhartigheid prioriteite is. Mens kon jou in hiérdie stadium van ds. du Plessis se uittrede kwalik indink wat nóg kon groei of vernuwe. Dr. Bartlett se benadering van 'n groter deelname deur die gemeente, en daarmee saam die aanvaarding van meer verantwoordelikheid van wat en hoe die verrigtinge van die gemeente gestuur moet word, was inderdaad nuwe asem.

Groter gemeentebetrokkenheid in die Bartlett-periode word gemerk in die daarstelling van onder meer twee nuwe kommissies waarop gemeentelede gekoöpteer is, en insette moes lewer ter bevordering van die Gemeentebetrokkenheidsidee. Hieronder tel die Gemeentebedieningskommissie en die Eredienskommissie. Laasgenoemde kommissie moes byvoorbeeld kritiese insette lewer ten gunste van die vernuwing van eredienste ten einde aanklank te vind by die meerderheid lidmate. Dit geld ook vir die wyse van lofprysing deur middel van musiek. Met hierdie vorm van insette was die leraar op hoogte met die aktiwiteite en behoeftes van die gemeente.

Met 'n bietjie leiding en aanmoediging het mev. Elma Bartlett ('n maatskaplike werkster) ook 'n gebeds- en 'n bemoedigingsgroep op die been gebring waarin van die gemeentelede betrokke geraak het. Gemeentekampe het weer 'n oplewing getoon. Ook die jeugaktiwiteite het 'n vernuwing en ook naamsveranderinge ondergaan om by die karakter en behoeftes van die hedendaagse jeug te probeer aanpas. Vir die jonger kinders het "kinderkerk" 'n instelling geword. 'n Lidmaat van die gemeente, Aquilla Otte, het hoofsaaklik hiérdie besonderse taak sedert 1994 tot 1998 nog op haar geneem.


Vir die mans is 'n vaste kwartaallikse ontmoeting op 'n Saterdagoggend begin, genoem die Manne-ontbyt. Evangelisasie en samehorigheid onder die manlike lidmate is só bevorder. Selfs binne die geledere van die Vroue-aksie was dit dames van die Gemeente wat versoek is om voor te gaan eerder as wat die leraarsvrou alleen leiding neem. Dr. Bartlett het hiermee geleidelik daarin geslaag om 'n groter gemeentebetrokkenheid en -verantwoordelikheid te vestig.

'n Ander vernuwingsaspek met dr. Bartlett se bediening, was sy besondere liturgiese aanslag. 'n Minder rigiede inkleding en 'n groter gemeentedeelname tydens eredienste is gevolg.
Tydens die viering van sommige feeste in die Kerkjaar, is spesiale moeite gedoen om 'n getroue weergawe van adventsgebeure, en Lydenstyd te gee. Lidmate is ruim ingespan om die nodige atmosfeer en luister aan sulke geleenthede te verleen. Met hiérdie benadering kon gemeentelede dié gebeure in die Bybelse tyd herleef.

Dr. Bartlett het moeite gedoen om die Gemeentesimboliek agter elke Kerkjaarfees op 'n gepaste wyse tydens eredienste visueel voor te stel. Daarby nog is 'n Passiespel in 1998 deur die Gemeente opgevoer om die Kruisiging van Jesus te gedenk. 'n Houtkruis is spesiaal op ds. Bartlett se versoek gemaak wat tans gereeld op die voorgrond gestel word, veral tydens Lydenstyd. Mev. Johanna Schulze, teen 1998 nog die gemeente se voorste blommerangskikker, was verantwoordelik vir sinvolle uitbeelding met behulp van blomme.

Die sinvolle gebruik van simboliek, ook in sy uitrusting tydens eredienste, was vir dr. André Bartlett belangrik. Gemeentelede het dit as 'n verrykende ervaring beleef om tot die diepere kennis te kom van simboliek wat al 'n lang pad met die Kerk kom. Om die Gemeente ook tot diepere waarhede van die Bybel te lei, het dr. Bartlett 'n Bybelskool aangebied.

SIMBOLIEK IN DIE GEMEENTE



Die teks het nie mooi uitgebruik nie

kom voor asof die Ge-
ente in die Barlett-periode
; nader na mekaar begin
veeg het - nie alleen net oor
ter Gemeentebetrokken-
d nie, maar ook oor die poli-
:e veranderinge wat veral
n April 1994 as 'n onsekere
en 'n onverwoordbare be-
ıdheid beleef is. Om die
meente altyd
herinner aan
gebedsge-
ntheid, etlike
e voor Suid-
ka se eerste
nokratiese ver-
sing op 27 Ap-
is 'n klipleg-
gsseremonie
Sondagaand
ır die amptelike
kiesing gehou.
eder en elk het
: sy/haar hand-
ening op 'n oor-
ıde gevoeg,
: agterna in die
pmonument,
naan die noor-
kant van die
kgebou, ingе-
nent is. Lid-
te wat bevoor-
mag wees om die Ge-
ente se 50e of selfs 100e
jaarsdag te herdenk, sal
t hiérdie monumentjie in
ıvoud altyd herinner kan
d aan die, half, beangste
ekerheid onder omstan-
hede, wat ook hiérdie Ge-
ente se lidmate in 1994 op
knieë gehad het. God hét
kinders se gebede verhoor.
: die politieke verandering
uitgeloop het op groot-
ıalse konflik nie, waarvoor
nmige bang was, is te
ıke aan gebede en gebeds-
eenthede soos dié. Vrees
plek gemaak vir dankbaar-
d, bevryding en hoop vir die
koms.

t na sy aankoms in die gemeente het dr. André Bartlett ook die kerkklok letterlik en figuurlik laat lui. Vir jare was die kerkklok vasgeroes en met die eerste orrelstemming in sy ampstydperk, het dr. Barlett en die Kerkraad die orrelstemmer versoek om die klokmotor af te haal en te herstel. Hierna het die klokgelui die gemeente-

KLIPLEGGINGSSEREMONIE


lede aan gereelde maar gewone eksegetiese prediking herinner: CHRISTUS IS KONING!

Die woorde CHRISTUS IS KONING was die tema tydens die heel eerste pinksterdienste. Dit het die Gemeente dermate aangegryp dat die leuse kort hierna teen die muur, in eikehout en embuia, in die Kerkgebou aangebring is. Mnr. Piet van Zyl was verantwoordelik vir die letters en mnr. Frik Marais het die montering daarvan behartig. Met dié woorde wou die Kerkraad die Gemeente voortdurend herinner aan die Koning van ons elk se lewe; die Koning van ons Gemeente en Sy Koningskap oor die wêreld. Dit was vir dr. Bartlett belangrik dat elke lidmaat en Kerkraadslid hulle verbintenis skriftelik onderneem.

Vir die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark was 1998 'n hoogtepunt. Na 'n kwarteeu van bestaan, kon met genoegdoening terug-gekyk word na die werk wat baanbrekers vermag het. Daarmee saam is die Bartlett-gesin ook deel van die Gemeente se herinnering aan dit wat op hul pad gekom het. Dit wat goed was - baie verrykend en betekenisvol was, maar in Augustus 1998 afgestaan is. Dr. Bartlett se aanvaarding van 'n leraarspos in September 1998 in die NG-gemeente Aasvoëlkop het nog 'n fase in die geskiedenis van die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark afgesluit. Ds. Andries Cilliers en sy vrou Sonja met hul twee kinders is op 29 November 1998 in die Gemeente ontvang en bevestig.

DIE CILLIERS-GESIN





Die Cilliers

Dr Andries Petrorius Cilliers is gebore op 4 Oktober 1958. Hy matrikuleer in 1976 aan die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

In 1983 behaal hy die graad B.Th aan die Universiteit van Stellenbosch en Lic.Teol. in 1984. Andries skryf in 1995 vir sy D.Th (Dogmatiekgebied) graad in en hoop om sy graad gedurende 1999 te behaal. Gedurende 1985 en 1986 doen hy dienspligtoefeninge en dienspligtjaarbaan by 2 SAI Wapenvlaag. Gedurende 1987 werk hy vir drie maande in die NGZK-gemeente Nietverdiend en Tamsanqua as proponent. In 1987 aanvaar hy 'n beroep as leraar na die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Kameeldoorn en sedert 1992 werk hy as mede-leraar in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Stella.

Sedert 1987 doen Andries op verskeie kommissies op ring en sinodale vlak. In 1997 is hy skriba van die Sinode asook lid van die Moderatuur. Andries is ook betrokke in diakenswerkdag en doen op verskeie leesaandiggings.

In September 1998 verskyn 'n boek geskryf: *God sleg 'n woord uit die pen van Andries*. Saam met sy vrou Sonja is hulle medeskrywers van een kwartiel se dagbladstukkies vir die dagboek *God Alles Jou Jong*.

Op 13 Desember 1983 trou Andries in die huwelik met Sonja Badenhorst, 'n nooi van Stilyderfontein en omgewing. Van 1996 tot 1997 was Sonja voorsitter van die regstellingsraad vir Vrouedienste en lid van die Sinodale kommissie van Vrouedienste. Sonja is ook 'n trotse tannie en dien sedert 1995 op die kantoorbaan en dien ook as voorsitter.

Daar is twee kinders gebore uit die huwelik: Andre op 15 Junie 1988 en Judy-Ann op 12 Mei 1990. Andre is in graad 4 en hou van sport in die besonder rugby en tennis, dierk en die plaas lewe.

Judy-Ann is in graad 2 en haar belangstellinge is sokker, toer, musiek in besonder die klavier en neem raadsweek klasse.

GEMEENTE- EN JEUGAKTIWITEITE IN DIE AFGELOPE 25 JAAR

Lidmate van die NG-Gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark se betrokkenheid die afgelope 25 jaar by aktiwiteite om gemeensaamheid binne dié Christelike ruimte te bevorder, sowel as na die breër gemeenskap uit te dra, dra ook 'n unieke karakter. Benewens die gebruiklike (eredienste, bidstonde, bidure, Kategese, Bybelstudiegroepe, Kinderkrans, Vrouediensaksie, Mannontbyt-aksie en jeugaksies) is daar ook die spesiale aktiwiteite waarby diegene betrokke hartlik meegedoen het. Hieronder tel die verskeidenheid van terreine binne sending- en barmhartigheidsdiens.

Die Gemeente se uitreiking- en opheffingsaktiwiteite onder mindergegoedes het onder meer die vorm aangeneem van werk- en geletterdheidsklasse en betrokkenheid by die Abraham Kriel kinderhuis. By eersgenoemde is dit veral mev. Didi Huisamen, en in laasgenoemde veral mnr. Fanie Combrinck wat ontbaatsugtige aanvoor- en ontwikkelingswerk gelewer het. Ter bevordering van die Koninkryk van God, is die Gemeente se betrokkenheid by 'n verskeidenheid aksies, bv. Mareka, Sedibeng, Tlokwe en Promosa. Benewens die Tlokwe-gemeente, is dit by die ander drie veral jong swart kinders wat op die een en ander wyse Christenbetrokkenheid ervaar. Dan is daar ook die Gemeente se betrokkenheid by groter uitreikaksies soos die Thailand-, Hererolandwes-, Kaapse Vlakte en Eilande sending. Twee ander spesiale aktiwiteite wat vanuit gemeentekringe geïnspireer is, is die Thakaneng Straatprojek vir hawelose kinders en die Senior Aksie. By die Straatprojek was dit tot 1998 nog mev. Milicent Victor, en by die Senior Aksie mev. Anna Snyman, se energieke inspirasie wat tot die sukses hiervan bygedra het.

DIE SENIORAKSIE *(indrukke van mevrou Snyman)*

Grimbeekpark-gemeente is baie trots op die baie besondere bydrae wat ons senior lidmate lewer tot ons gemeentelike aktiwiteite Vir die afname in fisiese krag word meer as voldoende gekompenseer deur entoesiasme, humor en Christelike lewensvreugde. Afgesien van 'n voorbeeld van Liefdesdiens het die seniors oor die jare die blywende monument nagelaat in die vorm van verhooggordyne in die kerksaal, die groot tafel en bykomende stoele in die kerksaal, die kanselbybel en 'n baie belangrike bydrae tot die basaar/winterfees inkomste.

Die Seniorbeweging het tot stand gekom gedurende 1982 op inisiatief van mevrou Petro du Plessis 'n vorige leraarsvrou. Oor die volle periode van sy bestaan was daar tot 1998 net twee voorsitsters, te wete tannie Janie Dippenaar en Anna Snyman. Oom Gert Viljoen is die enigste stigterslid wat teen 1998 nog betrokke was. Sowat 30 lede woon gereeld byeenkomste by. Die aktiwiteite en entoesiasme van die Seniors dien as voorbeeld vir die hele gemeente.

Die aksies van die gemeentevroue verdien besondere vermelding. Sonder hulle ywer en idees sou die gemeentebouprojek aansienlik armer gewees het. Van spyseniering (tot vyf geleenthede per week! Veral tydens atletiekbyeenkomste en troues) tot modeparades en basaars (vandag winterfeeste). Van hulle eerste ideale was die aankoop van 'n kerkorrel en eetgerei sowel as die bevordering van sendingaktiwiteite deur middel van finansiële ondersteuning waar behoeftes geïdentifiseer is. Gedurende die tagtigerjare het die Vroueaksie ook hulp verleen met Bybelklasse vir swartvroue. Ds. Lawrenz se vrou Minna was veral hiermee behulpsaam.

Tipies aan die jaarlikse aktiwiteite van die Vroueaksie, is 'n gedeeltelik-verwerkte uittreksel van die verslag deur mevrou Petro du Plessis, eggenote van ds. Du Plessis soos op 9 Maart 1983:

...Soos u reeds weet funksioneer die Vrouediens in sewe groepe. Hierdie groepe bestaan uit ongeveer 30 huisgesinne of drie tot vier wyke... Die afgelope jaar het die Vrouediens 10 byeenkomste gehad waarvan sewe algemene vergaderings en drie groepbyeenkomste. Die groepsbyeenkomste is gereël deur die Groepsleidsters en hul vise-voorsitter en sekretaresse. ...Onderwerpe wat behandel is, is die volgende:
**** Kommunikasie met die Jeug***
**** Die vrou in die jaar 2000***
**** Verlies van diensmotief (Bybelstudie oor die lewe van Akwilla en Priscilla)***

...Die gemiddelde bywoning van groepsvergaderings was 45 dames per aand.


...In die Vrouediens het ons die afgelope jaar probeer om ons uit te leef op die vyf terreine van die Kerk, nl. Evangelisasie (d.m.v. Bybelstudie), Jeug (d.m.v. kategese en Kinderkrans), Diens van Barmhartigheid, Sending(Werkklasse aan huishulpe), Morele en Sedeleer.
...Die Diens van Barmhartigheid-subkomitee het begin met die Seniors se byeenkomste en die afgelope jaar het die groep seniors hulle eie bestuur gekies [1982] wat leiding neem met hulle byeenkomste en hul entoesiasme en ywer spoor die jonger vroue aan!

Die jaarlikse basaar (wat eers vanaf 1985 'n permanente instelling geword het), roep ook aangename herinneringe onder lidmate op. Onnodig om te sê dat dit altyd woel en werskaf beteken het. So onthou oud-lidmate dat hulle in die eerste jaar gemaklik 14 beeste in 'n week kon bewerk. Teen 1998 was dit mnr. Basie Redelinghuys wat moes bontstaan om te sorg dat dat die Winterfees darem die gebruiklike vleistafel het. 'n Ander tafel waarsonder só 'n gemeentefees beslis nie as 'n tradisionele kerkfees sou kon kwalifiseer nie, is die pannekoektafel. Mevv. Hannatjie Herselman en Duifie Stander is bekend as die Gemeente se voorvat pannekoek-baksters. Mev. Herselman het vir 13 jaar hiérdie gerespekteerde portefeulje met grasie hanteer.

'n Aksie waarvoor die gemeente veral bekendheid in wyer kringe verwerf het, is sy koor- en kers-sangdienste. Die Gemeente se eerste en langsdiende orrelis, Johan van Staden, se entoesiasme en ywer was ongetwyfeld 'n deurslaggewende faktor. Johan was ook verantwoordelik vir die instelling van 'n gemeentelied in 1992 (verwant aan die melodie van Jeugsangbundel twee, lied 47) en genoem "*Jesus Heer, Vors van Lig*":

JESUS HEER, VORS VAN LIG

2 x deur en p die eindig word refrein herhaal.



Wat jeugaktiwiteite betref, verdien die heel eerste belydeniskatkisante 'n plekkie in die Gemeente se geskiedenis. Die heel eerste katkisante wat onderleiding van dr. de Villiers (tydelike pastorale hulp) op 14 Oktober 1974 belydenis afgelê het, is:

E. Ferreira; M.E. Coetzer; A.J. Klopper; G.W. Rheeders; A.S. Rootman; J.C.H. Slabbert; C.E. Snyman; P.R. van der Merwe; M.A. van Zyl.

'n Paar het eers 'n maand later belydenis afgelê:

M.J.P. Delport; E. Esterhuizen; L. Jansen van Vuuren; J. Lamprecht; H.C. Mouton; C.H. Odendaal; D.G. Polson.

Dit was ook dr. de Villiers wat die eerste dopelinge van die jong NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark op 5 Augustus 1973 gedoop het:

L. de Bruin; A. Janse van Rensburg; J.G.C. Nel; C.W. Oosthuysen.

Sowat 109 kinders was in die eerste maand na afstigting in 1973 deel van die kategese (toe nog bekend as Sondagskool). Daar was vanaf 1974 'n aktiewe Kerkjeugvereniging(KJV) en Kinderkrans vir die jongeres. Jeugkampe en uitreiking was die vernaamste aktiwiteite van die KJV (later verdeel in Junior en Senior Kerkjeugvereniging/Aksie). Die Ventershroon- en Dippenaarkampterrein is gereeld benut. Soms is Sondagskooluitstappies onderneem. Teen Maart 1974 het getalle al aangegroei tot 139. Die elfstuks kinders van ds. Lamprecht was heelwaarskynlik 'n welkome toevoeging.

Na voltooiing van die kerkgebou, is verder voorsiening gemaak vir 'n vlugbalbaan en spreiligte. Die jongeres het dit ten beste benut. Nadat die saal aangebou is, en genoegsame voorsiening binne die saal gemaak is, het hiérdie baan se geskiedenis saam onder die saalfondasies verdwyn.

'n Insiggewende verjonging van jeugaktiwiteite het onder leiding van die du Plessis-leraarspaar ontstaan. Benewens aktiwiteite soos staptoere en kampe, is uitreikingsaksies meer prakties uitgeleef. Waar fondsinsamelings voorheen gerig was op die aankope van toerusting wat die jeug sou kon gebruik in die kerkgebou in wording, was die fokus mettertyd op insameling met die oog op aankope van Christelike lektuur vir verspreiding tussen mindergegoedes. Vanaf byvoorbeeld Mei 1987 het 'n span van 20 jongmense ook hulp verleen met evangelisasie te Mareka, Rooipoortjie in die Potchefstroom distrik.

Die bediening van dr. Bartlett het 'n verdere bries van vernuwing onder jeugaktiwiteite gebring. Die kerkjeuggroep vir grade 5-7 (standerds 3-5) het as *Jesu Pueri*, en vir grade 8-11 (standerds 6-9) as *Juventus*, bekend geword. Vir jonger kinders is die "Goeie Nuus Klub" gevestig as plaasvervanger vir die vroeëre Kinderkrans.


In 1996 is besluit om 'n poging aan te wend om na alle jeugdige kerkgangers uit te reik. As doelwitte is gestel 'n groter betrokkenheid by jeugaksies sowel as die verandering van die gemeenteprogram na 'n meer verbruikersvriendelike een vir die jeug. Kategesetye is kort hierna aangepas as deel van die poging om meer betrokkenheid. Van die tradisionele kategese na (en soms voor) erediensgeleenthede is deels gewysig. Ten 1998 is kategese gedurende wintertye na die oggend erediens gehou en in die somer 'n uur voor die aanddiens net na die jeugaksies. Die Jeugkommissie het gepoog om die aanddienste ook jeugvriendelik te organiseer. Die Kerkraad se erns met die jeug is ook sigbaar gemaak toe 'n deeltydse Jeugwerker, mnr. Pierre Snyman, aangestel is. Hy het vrugbare werk onder die jeug verrig. In 1998 is Pierre opgevolg deur een van ons eie Gemeenteseuns, mnr. Lawrey Wright.

TIPIESE
WINTERFEESTONELE













KANSELKLEDE



Kanselklede is 'n ou gebruik in Kerke en maak deel uit van simboliese (begrippe/ betekenis van iets sonder woorde) voorstellings, sinoniem met Kerke. Kanselklede soos dit vandag gebruik word, simboliseer hoofsaaklik die Kerkjaar. Ons Gemeente se kanselklede is gebaseer op die volgende Kerkjaargeleenthede en inhoud:

ADVENT




Gebaseer op Jesaja 9:5 - "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors".

Die simboliese voorstelling behels 'n Bethlehem Ster met ligstrale daarom, die Lig wat vir die mens die goeie nuus en tyding gebring het.

Gebaseer op Handelinge 3:18 -"Tog het God reeds vroeër by monde van al die profete aangekondig dat die Christus sou lei. So het Hy dit nou laat gebeur." Die simboliese voorstelling om dan juis die lyding van Christus uit te beeld, sentreer om die:

LYDENSTYD



Hoofkruis gebaseer op Romeine 6:10a - "Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God"

Kruis links wys op Lukas 23:39 - "Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!"

Kruis regs verwys na Lukas 23:42 - "Verder sê hy:'Jesus, dink aan my wanneer U in U Koninkryk kom'".


Die beker in die agtergrond verbeeld Matteus 26:39 - "Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: 'My Vader as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by my verbygaan. Moet nogtans nie doen soos ek wil nie, maar soos U wil'".

Om Christus se oorwinning oor die dood simbolies uit te beeld, is die kleed gebaseer op Matteus 28:6a - "Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het". Op die kleed dui die:


I.H.S. (geneem van I H E O Ψ E wat Christus beteken) die Monogram van Christus tussen die gebroke kruis wat Hy ewig oorwin het.

Granaat op vrugbaarheid en lewe.

Sade 'n teenwoordigheid van die ganse mensdom vir wie Christus uit die dood opgestaan het.




PINKSTER




Die kanselkleed wat vir dié geleentheid ontwerp is, sluit simbolies aan by Johannes 14:16 - "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees". Die simboliese voorstelling fokus daarom op gesentreerde sirkels wat God die Vader, God die Seun, die duifmotief en die tonge van vuur as die Trooster, oftewel die Heilige Gees.

EVANGELIE EN SENDING




Evangelieverkondiging en Uitreiking gebaseer op Markus 16:15 - "Hy het vir hulle gesê: `Gaan uit, die hele wêreld in , en verkondig die Evangelie aan die hele mensdom'". Gegrond op hiérdie versoek van Christus is die kanselkleed gerig op die lank-erkende vismotief as Christensimbool. Die Griekse woord vir vis is ΙΞΟΥΣ wat staan vir Ivoouσ Ξπιοτοσ OEou Υιοσ Εωινπ, wat beteken Jesus Christus Seun van God, Verlosser. Die kruis teen die agtergrond simboliseer Christus wat die verlossing van die mens gebring het.

BARMHARTIGHEIDSDIENS




Barmhartigheidsdiens, soos voorgestel, is gegrond op Johannes 12:3 - "Toe het Maria 'n halwe liter egte baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie". Die kanselkleedvoorstelling stel flesse voor wat gevul is met salfolie.

KERKHERVORMING




Kerkhervorming soos gebaseer op Romeine 1:17b (- "Dit is soos daar geskryf staan: `Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe'") en Psalm 119:105 (- "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad") fokus elk onderskeidelik op geloof en die Woord as die meetsnoere vir ware Christenskap oppad na die Ewige Lewe. Om beide hierdie waarhede voor te stel, rig die simboliese voorstelling op 'n oopgeslane boek met ligsirkels en strale.

HEILIGE NAGMAAL




Die **Heilige Nagmaal** word minstens vier maal per jaar gevier. Die voorstelling daarvan is 'n simboliese uitdrukking van 1 Korintiërs 11:26 (- "Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here tot Hy kom") en Johannes 15:5 (- "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in my bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie"). 'n Koringaar stel Christus se liggaam voor. Die beker wat met wyn gevul is, is sy reinigende bloed. Die groen blaar en lote verteenwoordig groei. Die sakrament versterk die geloof, en laat dit groei.

TAFELKLEED




SKEPPERS VAN DIE MONTAGE

D. A. Bartlett en Riaan van den Bergh



MONTAGE & VERKLARING



Landscape soos voorgestel

Verklarings van die Christelike Simbole.

'n Simbool is 'n sigbare voorstelling van iets onsigbaars, byvoorbeeld 'n idee of waarde. In die sin verwys die simbool op iets anders as ditself. Dit impliseer dat simbole opsigself nie 'n waarde het nie - hul waarde lê in dit wat hul illustreer.

Die Christendom het oor die eeue heen baie algemeen gebruik gemaak van simbole.

Die **vis** : Die vroeë Christene het hulself identifiseer as Christen deur die vertoon van die vis-simbool..

Die Griekse letters **ΙΧΘΥΣ** (vis) : Dit is die eerste vyf letters van die vyf Griekse woorde : "Jesus Christus Seun van God, Verlosser

Die **druiwetros** : Dit dui op die nagmaalwyn, op sy beurt 'n simbool van die bloed van Christus.

Die stukkie **gebreekte brood** : Dit is 'n heenwysing na die nagmaal, spesifiek 'n simbool van die liggaam van Christus wat vir ons gebreek is.

Die **vyfpuntster** : Dit is 'n heenwysing na die Ster van Betlehem en is veral vertoon tydens die Tyd van Epifanie (25 Desember tot na 6 Januarie). Dit is gebruik as heenwysing na die verskyning of manifestasie van God in die wêreld.

Die **sespuntster** (ook bekend as die ster van Dawid) : Dit is gebruik as die simbool van God. Die ses punte van die ster wys op die bepaalde eienskappe van God, tewete Sy mag, wysheid, majesteit, liefde, genade en regverdigheid..

Die vier avangelieskrywers het elkeen 'n eie simbool, nl..

'n **Biddende man met vlerke** : Matteus

Leeu met vlerke : Markus

Bul met vlerke : Lukas

Arend : Johannes

Hierdie simbole is ontleen aan Openbaring 4: 6-7

Die **koringgerf** : Dit is 'n heenwysing na die brood wat by die nagmaal gebruik word.

Die **duif** : Dit is een van die mees bekendste simbole van die Heilige Gees. Dit word afgebeeld om afwaarts te vlieg as boodskap dat God afbeweeg na die mens.

Die **kruis** : Dis seker die mees bekende simbool in die Christendom. Meer as vyftig verskillende vorms van die kruis word gebruik in die Christen-kuns.

Die **Latynse kruis** : Dit is die algemeen gebruikte vorm.

Die **Keltiese kruis** : Dit is normale kruis met 'n sirkel-agtergrond.. Die sirkel simboliseer die ewige lewe wat ons bekom deur die kruisdood van Christus.

Die eerste (**alfa - A**) en die laaste (**omega - Ω**) letters van die Griekse alfabet : Dit is 'n verwysing na Christus, " Die eerste en die laaste, die begin en die voleinding " (Openbaring 22: 13).

Die **Driesirkel-simbool** binne die Ω simboliseer die volgende : Die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees).

Die woord **INRI** : Met die kruisiging van Jesus het Pilatus opdrag gegee dat 'n kennisgewing met die woorde "Jesus van Nasaret, Koning van die Jode" bo Christus se kop op die kruishout vasgeheg word. Die kennisgewing was in drie tale, tewete Grieks, Latyn en Hebreeus. Die woord INRI is die eerste letters van die woorde in Latyn.

ΙΧΡΙΣΤΟΣ: Dit is die Griekse spelling van die naam Christus.

Die **skip** : Na aanleiding van die redding van Noag en sy gesin het die skip 'n besondere betekenis verkry as heenwysing na die kerk van Christus as hulpmiddel om die Christen te ondersteun in sy stryd teen die dikwels rowwe en gevaarlike lewenssee.

Die **Lam** : dit het nog altyd 'n besondere rol vervul as simbool in die Christendom. Jesus Christus word tipeer as die Lam van God, die volmaakde offer wat die sonde van die mens op homself geneem het.

Die **beker** : dit word afgebeeld as simbool van die nagmaal.

AMPSDRAERS EN KOMMISSIES OOR 25 JAAR

Die leraars wat die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark oor 'n kwarteeu bedien het, is:

Dr. T.C. de Villiers (Emeritus predikant vanaf 22 Julie 1973 as tydelike pastorale hulp tot Januarie 1974)

Ds. J.C. Lamprecht vanaf Derby (11 Januarie 1974-Desember 1978)

Ds. D.J.F. du Plessis vanaf Aasvoëlkop (4 Augustus 1979-2 Augustus 1992)

Dr. A.L. Bartlett vanaf Monumentpark (16 Januarie 1993-September 1998)

Dr. R.C. Lindeque as leraar met opdrag Diens van Barmhartigheid Wes-Transvaal (Maart 1995-tans)


Ds. A.P. Cilliers vanaf Stella (29 November 1998-tans)

LINDEQUE-EGPAAR

Predikante/Kapelane/Proponente/Missionêre leraars wat gedurende die periode 1979-1992 op 'n tydelike/aflosbasis die Gemeente bedien het of bloot van tyd tot tyd uitgehelp het:

Dr. R.C. Lindeque (1981-1992)
Prop. F. van Niekerk(Maart 1983)
Ds. E.C. Kriel (1986)
Prop. W. Lamprecht (1987)
Kapelaan D. Snyman (Oktober-Desember 1990)
Kapelaan S.J.Schoeman (20 Januarie 1991-Februarie 1992)
Kapelaan E.L. Rischmüller (Junie 1992-6 November 1994)
Ds. Lawrenz (tagtigerjare)
Ds. P. van Rensburg (1989-1990)
Ds. J. de la Querre (1990-1994)

In Junie 1973 is 15 ouderlinge en 15 diakens vir die nuwe gemeente aangewys:



Van links na regs:
Agter: G.J. Oosthuizen, J.L. Roestorf, S.J. Stander, J.J. Scheepers, P.D.G. Laasberg, J.L. le Roux, J.D. van Schalkwyk, J.F. van Zyl, B. Herselman, H.J.R.B. Park.
Middel: A.H.J. Huisamen, J.W. Sonnekus, C.D. Jacobs, J.N.F. Bosman, J.E. Esterhuizen, J. Joubert, R.B. Fourie, W.E. Oosthuizen, F.J. Dippenaar.
Voor: S.J. Loubser, J.C. van Graan, J.C. Fleck, J.D.W. Klopper, Ds. J.C. Lamprecht, J.W. de Jager, P.B. Swanevelder, P.S. Pretorius, F.H. Odendaal.
Nie op foto: Ouderlinge: J. Steyl, S.S. Ferreira.
Diakens: C.J. Burger, P.J. van Zyl, H.W. Alberts.

'N TERUGBLIK IN TYD

***HOOFOUDERLINGE*:**

J.W. de Jager (1973)
J.D.W. Klopper (1974-75, 1978)
C.D. Jacobs (1976-77, 1979)
P.J. Erasmus (1981)
P.D. Theron (1982, 1988, 1994-6)
H.J. Rheeders (1983)
A.H.J.Huisamen (1980,1984, 1989,1993)
J.A. Slabbert (1985-1987)
H.J. van Jaarsveldt (1990-91, 1997-98)
J.N.F. Bosman (1992)

***HOOFDIAKENS*:**

P.J. van Zyl (1973)
A.H.J. Huisamen (1974)
B. Herselman (1974)
D.S. van der Merwe (1975)
J.A.C. Burger (1975-78)
J. van Rensburg (1979)
W.M. Conradie (1980)
W.P.Victor (1981-2)
C. Human (1983)
P.van Eldik (1984)
J.L. de K. Monteith (1985-1988)
J.J. Bergh (1989-1991)
E. Pretorius (1992-94)
F. du Plessis (1995)
J. Booysen (1996)
L. van Wyk (1997)
J. van den Berg (1998)

***KATEGESE ONDERHOOF:** (As superintendent in vroeër jare bekend)*

R.B. Fourie (23 Julie 1973)
J.D. van Schalkwyk (28 Julie 1976)
J.E. Volschenk (20 Junie 1979-1982)
J.W. Snyman (25 Augustus 1982-Desember 1996)
F. Viljoen (1997)
D. Vorster (1998)

JEUGDIAKENS:

A.H.J. Huisamen (23 Julie 1973-75)
J.D. van Schalkwyk (28 Julie 1976-78)
W. Lamprecht (1979)
W.M. Conradie (1980)
J.L. de K. Monteith (1981)
J.J. Lemmer (1982-83)
J.P. Bosman (1984-85, 1987-1990)
C. Taljaard (1986)
D. Vorster (1991-92)
H. Veldman (1993-95)
M. Siebert (1995-96)
P. Snyman (1996-97)
A. Herselman (1997-1998)
L.Wright (1998)

***JEUGOUDERLINGE:** (Daar was nie vanaf gemeentestigting 'n jeugouderling nie)*

N.A. Vorster (1980)
J.W. Snyman (1981-1987)
H.A. Pretorius (1988)
B.Herselman (1989-1992)
F. Louw (1993)
B. Herselman (1994-1997)
D. Vorster (1998)

Die pos van skriba, kassier en registrateur was aanvanklik net een pos. Mnr. F.J. Dippenaar, blyk dit, het die eerste skribapos gevul. Mettertyd is 'n verdeling gemaak:

***SAAKGELASTIGDES** (vanaf 1983 'n verdere verdeling in skriba en kassier):*

Mev. H.E. Pretorius (21 Junie 1973 - 22 Januarie 1975)
Mnr. M.G. Bonthuys (22 Januarie 1975 - Augustus 1981)
Mnr. & Mev. M.G. Bonthuys (26 Augustus 1981 - 1983)
Mev. J.M. Bonthuys (1983-1993 kassier en tikster-klerk vanaf 1979)
Mev. M. Otte tikster-klerk vanaf 1980.
Mev. A. van Schalkwyk (1983-1990 skriba)
Mev. A. Verwey (1990-1993 skriba)
Mev. A. Verwey (1993-1997 skriba en kassier)
Mev. A. Verwey (1997-1998 skriba)
Mev. A. Rossouw (1998 tikster-klerk)

***KOSTERS** (Die leraarspare en die orrelis het ook dikwels afgelos):*

R.B. Fourie (deeltyds vanaf Mei 1974)
G.G. Horn (voltyds vanaf 1977)
P.R.K. Botha (1979)
N.J.J. van Rensburg (1980)
F.J. Dippenaar (Aug. 1982)
Mev. R. Dippenaar (Sept. 1982-1998)

KOMMISSIES:

Die volgende kommissies is oor 25 jaar in die gemeente gevestig (sommige se benamings is sedertdien gewysig):

Kommissie vir Spoedeisende Sake (1973)
Finansiële Kommissie (1973)
Eiendomskommissie (1973)
Kommissie Ampsbediening en Evangelisasie [Later Uitreikaksie](1974)
Kommissie vir Barmhartigheidsdiens (1974)
Kommissie vir Geldsake (1974)
Kommissie vir Publisiteit (1974)
Kommissie vir Musiek en Sang (1974)
Boukommissie (1974)
Kommissie vir Jeug en Kategese (1977)
Kommissie vir Gemeentefunksies (1978)
Gemeentebedieningskommissie (1993)
Eredienskommissie (1994)

***PIANIS(TE)/ORRELIS(TE)*:**

Mev. A. Fleck (22 Julie 1973-)
Mev. A.M. Watt
Mej. E. Ferreira (een van die eerste kategete wat belydenis afgelê het)
S.J. van Staden (waarnemend,1 Januarie 1976-November 1976)
S.J. van Staden (24 November 1976-Augustus 1996)
Mev. E. Oosthuizen (September 1996-1998)

DIENSWERKERS:

Dienswerkers wat oor die afgelope 25 jaar in diens was van die Gemeente, hetsy in die tuin of in die kombuis of in die pastorie, was (ongelukkig is alleenlik die name van sommige bekend):

Moses, Jafta, Nettie Moléfe, Thomas, Olifant, David Sibelwa, Enoch, en Welcome Dwenya.

INTERESSANTE BROKKIES UIT DIE GEMEENTE-ARGIEF

Kerklike tug

Gedurende die laat-sewentigs was kerklike tug nog baie streng toegepas. Só byvoorbeeld is 'n manlike lidmaat die bywoning en deelname aan sy kind se doop geweier omdat hy, volgens die leraar, geen begrip gehad het van die betekenis van die doop nie! Teen die tagtigerjare is die begrip "tug" meer geredelik vervang met die woord "broederlike tug". Vanaf 1989 word na "tuggevalle" verwys as afvallige lidmate aan wie "pastorale hulp" verleen word.

Dit is nou maar só dat elke gemeente sy besonderse mense lewer wat opval en monumente agter gelaat het, maak nie saak watter hoek of draai jy om en deur die gemeente se verlede stap nie. Daar was en is nog baie van hulle. Tog verdien enkeles van die eerste lidmate spesifieke vermelding.

J.A. (Jack) Slabber

Sy hande het letterlik vir niks verkeerd gestaan nie. Hy was nie-amptelike "boumeester" met die oprig van die nuwe pastorie op die kerkterrein. Ook op geestelike terrein het hy as leierouderling 'n groot bydrae gemaak.

Hoede en vroue in die gemeente

Op 25 Januarie 1978 was dit diaken J.L.de K. Monteith wat die Kerkraadslede tydens 'n vergadering versoek het om standpunt in te neem rakende die dra van hoede deur vroue in die gemeente. Iewers verder in tyd, sonder veel omhaal van woorde, is standpunt ingeneem. Die resultaat is vandag vir ieder en elk wat die eredienste bywoon, sigbaar

Elsie Pretorius is die eerste vrou wat die amp van leierdiaken beklee het, en wel gedurende die periode 1992-94.

In die sewentigs is slegs manlike aansoekers vir die pos van koster oorweeg.

Seuns van die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark wat later predikante in eie reg geword het, is Deon Snyman, Dirck Venter, Wesley Lamprecht en Pieter Swanevelder.

Die eerste vroulike diaken en ouderling in ons gemeente blyk onderskeidelik te wees Tiekie Maree (Mei 1984-) en Elaine Botha (1990-1).

Soos in enige organisasie was daar ook in ons gemeente tye van spanning. Gedurende 1986 het 'n aantal beswaarde gemeentelede 'n klagskrif opgestel om beswaar te maak teen praktiese reëlings wat getref is tydens belydenisaflegging. Gelukkig is ook hierdie probleem spoedig bevredigend opgelos.

Estetiese voorkoms

Dit blyk duidelik dat, regdeur die gemeente se kwarteeu-bestaan, daar altyd met 'n wakende oog omgesien is na die estetiese voorkoms van dit wat aan die gemeente toevertrou is. Vandat die kerkgebou in al sy glorie gepryk het, was enige aspek van bykomstigheid of aanbouing met 'n waaksame oog benader. Waar daar afbreuk gedoen sou word aan die estetiese, is enige voorstelle sondermeer van die tafel gevee. Om maar twee voorbeelde te noem waar die estetiese wel 'n rol gespeel het. Vroeër was daar 'n voorstel van spoorweg-dwasrslêers as 'n omheining vir die gemeentegrond. Dit het nie gerealiseer nie. Dit geld ook vir die luidsprekers binne die kerkgebou waarvan die installeringsvereiste was dat dit so na as moontlik die kleur van die bakstene binne die gebou moes hê.

Vyfhoek

'n Moontlike samesmelting met Vyfhoek is in 1978 op die Kerkraadsagenda geplaas. Eers na maande is besluit dat dit nie moontlik is nie. Waarom, is nooit gesê nie. Grimbeekpark het dalk te selfstandig geword. Dalk was dit die bruidskat? Wie sou toe van die bruidskat wou afstand doen wat Vyfhoek reeds in paaiemente aan Grimbeekpark betaal het?

Kerssangdienste

Kerssangdienste was nog altyd 'n besonderse geleentheid in NG-gemeente Grimbeekpark. Uitstaande uitvoerings was dié van die kerskan-tate, Emmanuel (3 Des. 1978) en die Messias van Handel (28 Oktober 1981). Jarelange orrelis, Johann van Staden, se hand hierin verdien vermelding. So ook dié van Corrie Swanepoel wat hom met haar orrelbegeleiding bygestaan het.

Dopelinge

Dit word gesê dat die gemeente gedurende die tagtigerjare maar yl aan dopelinge was. Die rede hiervoor was dat veral Grimbeekpark woonbuurt 'n redelik gevestigde dorpsuitbreiding begin word het met 'n redelik vaste groep inwoners. Dié wat as jonger persone daar gevestig het, het selfs hul middel- en ouerjare hier deurgebring. Gevolglik was min jongelinge in staat om hier te vestig. Dit het 'n besliste uitwerking op die getal dopelinge gehad. Doopgeleent-hede was dus 'n rariteit. Teen ds. Bartlett se koms, was die gemeenteprofiel reeds besig om te verander. Jonger paartjies het hulle intrek geneem. Daarmee is die gemeente se maan-delikse doopgeleentheid geleidelik "genormaliseer".

J.D. Van Schalkwyk

Hy was die tweede voorsitter van die eerste Boukommissie en 'n vasvatter soos min. Deur sy bekwame leiding staan die kerkgebou vandag in al sy glorie. Een gemeentelid onthou hom as *boumeester, beplanner, uitvoerder... ALLES van die kerkgebou.*

F.J. (Frans) Dippenaar

Sy meelewing tot gemeentewees is kwalik verdiskonteerbaar op papier. Waar daar 'n behoef-te was, was Frans altyd beskikbaar. Sy oor was nooit te doof om te hoor of sy hand te toe om te gee nie. Daar was die Dippenaar-Jeugkampterrein-'n skenking van die Dippenaar-familie (tans weer onder beheer van NG-gemeente Potchefstroom Noord na etlike jare van besit deur ons gemeente), wat na hom vernoem is vanweë sy bydrae tot die opknapping daarvan. Etlike skenkings aan die gemeente dra die Dippenaar-"etiket". Hy was koster by gebrek aan 'n koster. Daarby was hy ook raadgewer en organiseerder van verskeie funksies. Soms het Frans, wanneer die tyd en geleentheid na sy oordeel reg is, en geen Kerkraadslid in sig is om dié regte geleentheid te aanskou nie, 'n eenmanbesluit geneem en/of moes neem, met sukses, bygesê. Dit word vertel dat hy in sy tyd as koster gesien het hoe daar by die Hervormde gemeente vir water geboor word. Siende dat die kostes van die boorman minder sou wees as hy nie hoef op te pak en weg te ry om dan weer te kom as die NG-gemeente Grimbeekpark se Kerkraad ander dag positief daaroor besluit nie, het Frans besluit om die raas wat mag kom, te "vat". Op eie houtjie het hy toestemming gegee vir die boor van water op gemeentegrond. En het die eerste Kerkraadsvergadering hierna nie vir 'n bietjie afwisseling gesorg nie! Gelukkig is hy, soos gemoedere langsaam bedaar het, vergewe en selfs daarvoor bedank. Die tuine word vandag nog uit hierdie boorgat bespuit.

Frans se vrou, Rinie, het die kosterskap mettertyd oorgeneem en was tot 1998 nog as koster werksaam. Ook haar "alomteenwoordige" bydrae het die Dippenaarbries nog vars binne die NG-gemeente Grimbeekpark gehou.

FRANS & RINIE DIPPENAAR



Om 'n gemeente tot stand te bring, vra heel dikwels dat lidmate hulle beursies en harte sal oopmaak om te verseker dat alle aktiwiteite tydig en ordelik ge-skied. Die NG-gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark het ook sy kwota wel-doeners opgelewer, benewens die tiental wat naamloos en sonder voorbehoud gegee het, en aan wie die Gemeente besondere dank verskuldig is:

VAN DIE GEMEENTESKENKINGS

1973-1975

Liaseerkabinet: J.C. Burger-egpaar
Indekskabinet: J.D.W. Klopper-egpaar
Kollektebordjies, boeke en registers: P.S. Pretorius-egpaar
Geldtas: A.H.J. Huisamen-egpaar
Tikmasjien: J.W. de Jager-egpaar
Opstel van skenkingsakte van grond waarop kerk gebou is: A.H.J. Huisamen
Nagmaalservies: F.J. Dippenaar-egpaar
Afrolmasjien en kabinet: J.C. van Graan-egpaar
Kateder: C.D. Jacobs-egpaar
Horlosie in kerkgebou: J. Joubert-egpaar
Doopvont: P.B. Swanevelder-; F.H. Odendaal en J.W. Sonnekus-egpaar
30 Halleluja-boeke: J. Steyl-egpaar
Kassies vir wegpak en vervoer van Nagmaalservies: H.J. Park

1976-1977

Drie braairoosters: C.J. de Beer
Oordrag van Kampterrein (later bekend as Dippenaar kampterrein): Oordrag deur J. Moodie
Afrol en bind van koorboeke: F.J. Dippenaar-egpaar
"Orde"hamer vir Kerkraadsvergaderings: Mnr. H.J. van Jaarsveld
Nagmaalstafel: Pretorius Meubels
Addisionele inbouings in orrel ter waarde van R655: SAOB
Pype vir waterpypnetwerk: J. Viljoen

1978-1979

Kaste geïnstalleer in kombuis: H.J. Ungerer
Kanselklede: 5 van die 8 klede is geborg (skenkers anoniem)
Teksborde: Anonieme skenker
Swart bord in konsistorie: F.T. Joubert
Warm water installasie en loodgieterswerk: J. Pretorius
Knielbankie vir gebruik tydens huwelike: M.J. van den Berg-egpaar
Kassies vir koorboeke: P.B. Swanevelder
Vakkies vir konsistorie: F.J. Dippenaar-egpaar
4 Tafels vir kombuis: T.H. Scholtz-egpaar
Nagmaalstafeldoek: J.F. van Zyl-egpaar

1980-1985

Afslag van R2500 op kerkgebou: W.P. Huysamen-bouers
Frieskas: C.J. Burger (Hy was waarskynlik ook die skenker van drie ander vrieskaste wat tydens basaars uitgeloot is)
Dieselmasjien vir kampterrein: Dippenaar-familie
Bandopnemer en kassette vir opneem van preke: Dippenaar-gesin
Saalboukontrak: A.H.J. Huisamen
Elektriese rekenmasjien: F.J. Dippenaar-egpaar
Gestetner fotokopieerder: C. Fourie
Kerktafel vir saal: Senioraksie
Lessenaar: Saambou Nasionale Bouvereniging
Tiksterstoel: A.J. Otte-egpaar
Gaslampe vir gebruik tydens kragonderbrekings: J.van Rensburg

1986-1998

Fotostaatmasjienrol: P. van Zyl
Omheining van kerkgrond en aanbring van diefwering: C.de Beer
Pannekoekbaktafel met ses gaskoppe: Mev. H. Herselman

X

GEMEENTEFEESPROGRAM 1998

FEESPROGRAM

2 Augustus	Oggenddiens - "Die kerk in die nuwe millennium" prof Julian Müller
30 Augustus	Oggenddiens - "Die kerk binne die breë gemeenskap" prof Piet Meiring
5 September	Cor Uys - aand
6 September	Oggenddiens: ds Johan Lamprecht
11 September	Jeugfees
13 September	Oggenddiens - Kinderdiens: ds Wesley Lamprecht Aanddiens - Belydenis van geloof: dr André Bartlett
19 September	Vroeë oggenddiens: dr Roelf Lindeque Pretloop om gemeentegrense Bekendstelling van feeskunswerk en feesblad Boomplanting Ontbyt Gesellige saamkuier
20 September	Oggenddiens - Feesdiens/nagmaal: ds Danie du Plessis Aanddiens - Lof- en dankdiens: dr André Bartlett
25 Oktober	Oggenddiens - "Die gemeenskap van die Heiliges" ds Marcus Maphoto

+ feesgeleenthede

→ nog die ander feesprogramme ook?




SONSKYN SLAGHUIS
ROOK VERBODE

COLLAGE VAN FEESGELEENTHEID EN X4 FOTOS

(A) Die (1) foto van meisie met boom plant by die gedenktuin en die by kommende foto v. gedenktuin soos dit vandag lyk moet hier in (2) (B) Die (3) foto wys wat sy medikamente (+1) moet gee

Gelukwensings → voeg opskrif by asb.

Nederduitse Gereformeerde Kerk
Ring van Potchefstroom-Mooirivier
Ringskriba : Coenie Calitz, Posbus 5253, Kookspark, 2523, Tel : 297-0789

20 Sept 1998

Die Kerkraad
NG Kerk Grimbeekpark

Liewe vriende

Hiermee wil ons graag ons gelukwensing aan u as gemeente oordra. Ons dank ons hemelse Vader dat Hy u vir soveel jare bewaar en geseën het. 'n Mens kan nie help om vir 'n oomblik te dink aan die verhaaltjie van die "voetspore in die sand" nie. Saam met julle dank ons die Vader dat Hy nooit ver was nie; dat Sy liefde en sorg elke dag opnuut daar was. En as ons aan die toekoms dink: Sy belofte staan vas: "My volk sal so oud word soos 'n boom!" (Jes 65:22b) Mag die Here se gemeente in Potchefstroom-Grimbeekpark so oud word soos 'n boom!

Nogmaals baie geluk!

Liefde in Christus

Coenie Calitz
(Namens die Ring van Potchefstroom-Mooirivier)

cl/ringskou28

X X →

Sny af aan onderkant een groter as die ander

Nederduitse Gereformeerde Kerk
SINODE VAN WES-TRANSVAAL

DAGBESTUUR:

Voorsitter:
Ds DS JvW du Plessis
Posbus 161
Delareyville
2770
Tel./Faks.
053 649 0892

Ondervoorsitter:
Ds NMS Bezuidenhout
Posbus 6012
Fairwood
2572
Tel./Faks.
018 468 1470

Aktuarius:
Ds JJ Wessels
Posbus 836
Potchefstroom
2520
Tel./Faks.
018 294 8539

Skriba:
Ds JB Haasbroek
Posbus 20055
Noordbrug
2522
Tel./Faks:
018 297 7406

Aan die Kerkraad en Gemeente van Grimbeekpark

In die bestaanstyd van die Kerk is 25 jaar nie 'n lang tyd nie. Vir 'n gemeente veelsit dit egter feeds soveel wat plaasgevind het dat dit 'n gebeurtenis is wat met groot dankbaarheid herdenk kan word. In hierdie tyd is die Woord reeds op sowel as 1300 Sondae vanaf u kansel gebring en wat daar nie geveel weke waarin daar talleen allerlei aktiwiteite aan die gang was

Dit lyk menslik onmoontlik om te peil wat die waarde is van alles wat oor 'n kwartaan in u gemeente gebeur het - en die materiële vlak kan mens miskien maag en dit te doen, maar die geestelike betekenis sal eers in die ewigheid openbaar word. Dit het egter nie die verantwoordelikheid op en juis op hierdie oomblik van u gemeente se bestaan te kyk oor die toekoms nie en om vir gebid totdat riglyne en doelwitte te bepaal vir die pad voorentoe.

Dit is die hede van die Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal dat u in u besinning nie sowel die verlede as die toekoms, sinspeel daarvan dat die Here God u deur sy Woord gelei het en ook voortaan sal voorgaal op u pad, dat u in die tyd wat voorlê staande bleine sy wil sal opteun en dat die gebeure wat u reeds behaal het, sal dien tot aanbidding en u al gawes in diens van die Koninkryk van God aan te wend.

Hartlik geluk met hierdie mylpaal. Die welryke seën van ons hemelse Vader word u vir elke jaar voorentoe toegebid

Vriendelike groete,

Skriba van die Sinodale Kommissie

30 September 1998

Font kleiner, maar bold

Grafiese ontwerp en bladuitleg deur Melani du Preez